Kry méér vuur uit jou Flam

Faani Engelbrecht van Goodwood, skryf:
Na aanleiding van Pieter Malherbe se uitstekende artikel "Dit jubel met kerkliedere" in 'n vorige uitgawe van *Kruisgewys,* wil ek graag namens FLAM 'n paar note by sing waarmee predikante en musiekleiers dalk gehelp kan word om hierdie nuwe musiek en website makliker te ontgin.

Oor ons *WEBSITE*

www.flam.co.za

In Augustus 2009 het ons ons *website* heropen met 'n gebruikersvriendelike *interface* en 'n paar bykomende dienste wat die funksionaliteit daarvan aansienlik verhoog het.

Toegang tot die *website*

In die verlede het slegs gemeentes met 'n CCLI-nommer toegang tot die *website* gehad. Individue kan nou vir die eerste keer teen 'n geringe bedrag bladmusiek koop en *download* via www.flam.co.za, of by Bybel-Media op hulle webtuiste se e-aankope.

Enigeen kan ook gratis op die *website* rondswerf (*surf)* en luister.

Vier afdelings

Om jou soektog na nuwe liedere te vergemaklik, het ons die hele FLAM-bundel in vier dele opgedeel:

- **FLAM** – indien jy musiek soek vir *familie- of gesinsdienste* – eredienste waar oupas en oumas en kleinkinders sáám in een diens is. Hierdie musiek is oor die algemeen so 'n bietjie rustiger van aard. Alhoewel ons dit glad nie aanbeveel nie, sou dit ook met 'n orrel gedoen kon word.
- **Kruisfuur** – indien jy musiek soek vir jou *tiener- of tekkiedienste* – eredienste wat kontemporêr in liturgie en musiek moet wees. Hierdie musiek is nie geskik vir orrelbegeleiding nie.
- **Flammekidz** – indien jy lof- en verwonderingsmusiek soek vir jou *kinderbediening*.
- **Kersflam** – indien jy op soek is na liedere wat jy kan gebruik in jou *meditatiewe eredienste*, musiek wat nie klassiek is soos Taizé-liedere nie, maar nog steeds kontemplatief. Dit is liedere vir *deep worship* of liedere wat jy as fokuspunt in jou hele *worship set* kan gebruik.

Hierdie vier afdelings is op die hoofblad duidelik sigbaar. Jy kan bloot op een van hulle klik om die hele lys van die liedere te sien.

Hoe soek ek 'n lied?

Jy sou 'n eenvoudige Google-soektog op die *website* kan doen. Indien jou tema byvoorbeeld "liefde" is, kan jy dit bloot *search* en 'n lys kry van al die liedere waarin die woord voorkom. Die *website* is dus 'n elektroniese konkordansie van al die FLAM-liedere.

Indien jy nog steeds nie weet waar om te begin nie, is die "Groot5" dalk 'n goeie plek. Dit is die vyf gewildste FLAM-liedere (volgens CCLI en die meeste *downloads*).

Hoe klink die lied?

Maar wat gemaak as jy nie weet hoe die lied klink nie?

Byna 60 persent van alle FLAM-liedere is reeds iewers opgeneem. Jy kan die CD direk via Bybel-Media aankoop. Daar is ook 'n kort demosnit saam met die meeste liedere op die webtuiste.

In 'n *guidetrack* word 'n lied met slegs 'n klavier en 'n stem uitgevoer. Dit is beslis nie bedoel om in jou motor se mp3-speler as agtergrondmusiek gebruik te word nie, maar sal nogtans in gemeentes waar daar nie 'n begeleidingsgroep is nie, as 'n begeleidingsnit gebruik kan word.

Hierdie liedere is slegs in mp3-formaat beskikbaar en kan direk van www.flam.co.za afgelaai en deur middel van Bybel-Media se e-aankope aangekoop word. Jy hoef dus nie eens na jou naaste geestelike boekwinkel toe te ry nie, maar sal dit selfs Saterdagaand ná 23:00 uit jou studeerkamer kan aankoop! Dit is nou as jy nie tegnologies gestremd is nie – want selfs die FLAM-kantoor is daardie tyd gesluit.

Inteken op nuusbriewe

Predikante, musiekleiers en lede van begeleidingsgroepe kan inteken op FLAM se gratis e-nuusbrief, die *Fuurhoutjie* wat maandeliks verskyn. Dáár kan jy lees van die nuutste musiek wat vir jou spesifieke styl beskikbaar is. Jy kan ook aansluit by Flam se *Facebook*-groep, FLAM – of ons volg op Twitter @FLAMPUBLISHERS.

Oor ons naam

'n Regstelling: "FLAM" is *nie* 'n akroniem nie. Dit staan nie vir iets nie. FLAM verwys bloot na Jeremia 20:9 se beeld van die vuur wat in ons sal brand as ons oor die goedheid van die Here sou stilbly. FLAM wil gemeentes help om in lofprysing en aanbidding uit te breek en nie stil te bly nie.

Nuwe liedere

Een van die grootste en belangrikste take van Flam is om nuwe skrywers en nuwe liedere op te spoor en aan die kerk bekend te stel. Dit is 'n deurlopende proses. Nuwe liedere kan regdeur die jaar gestuur word aan info@flam.co.za.

1. Die Flam-fereniging vir kerkbands- en begeleidingsgroepe

Saam met SAKOV is Flam betrokke by die Suider-Afrikaanse Kerkmusiekvereniging. Flam is instrumenteel in die stigting van die Flam-fereniging vir Kerkbands- en Begeleidingsgroepe wat spesifiek na die belange van begeleidingsgroepe omsien. Predikante- en musiekleiers wat by kontemporêre musiekbediening betrokke is, kan 'n e-pos stuur na ffkb@flam.co.za.

2. Meer as 'n taakspan

Flam is meer as net 'n taakspan. Dis 'n *website*, maar dit is nie net dit nie. Dit is 'n beweging, 'n gemeenskap van gelowiges wat in musiekbediening betrokke is.

Vat Flam en word deel van die beweging!